

HANDLEIDING

BESIGHEIDSTOEGANG VIR DIE ENTREPRENEUR

LEER SOOS 'N VAKLEERLING VAN OUDS

Baie geleenthede vir eie ondernemings bestaan in Suid-Afrika

Hierdie gids is gerig op die skep van 'n bewustheid
en die ontwikkeling van die vaardighede wat vereis word
om die vele geleenthede te benut en die hulpbronne te bekom
om 'n eie onderneming te begin



AHI



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

NWU



EBIO

Afrikaanse Handelsinstituut (AHI)

Hoofbestuurder:

Mnr Jacob de Villiers
AHI, Pretoria
Webwerf: www.ahi.co.za
Tel: 012 348 5440

Noordwes-Universiteit

Prof Japie Kroon
Programbestuurder: Entrepreneurskap, Skool vir Entrepreneurskap, Bemerkings- en Toerismebeheer, Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus
Webwerf: www.nwu.ac.za
E-pos: onbjk@puk.ac.za
Tel: 018 299 1423

EBIO

Mnr Unre Visagie
Besigheids- en Loopbaanontwikkelaar: Ebio werktoegangsprogram
Webwerf: www.ebio.co.za
E-pos: unre@nexts.co.za
Sel: 083 663 3366

DIE WOORD LEERLING (APPRENTICE):

Definisie van leerling: Volgens www.dictionary.com beteken leerling:

- Iemand gebind deur 'n wettige ooreenkoms om met iemand anders te werk vir 'n spesifieke tydperk in ruil vir instruksie in 'n ambag of bedryf, kuns of 'n onderneming. (Die gemeenskaplike uitkomst is wat saak maak! Dit is wat die partye bind of nie.)
- Werk saam met 'n werkende persoon om vaardighede te leer.
- 'n Beginner; 'n leerling. (Elke persoon is op een of ander plek 'n lewenslange beginner en leerder. Raak goed daarmee!)
- "One bound by legal agreement to work for another for a specific amount of time in return for instruction in a trade, art or business."
- "works with a working person to learn competencies."
- "A beginner; a learner."

Leerling word gebruik aangesien die persoon van 'n vaardige persoon in 'n praktiese werksomgewing leer waar hy homself verbind deur 'n plan te volg wat gerig is op die ontwikkeling van sy vaardighede.

**Die individu moet nou net verantwoordelikheid vat vir sy eie toegang tot besigheid en vaardighede vir die wêreld van werk.
Baie instellings en besighede wag net vir iemand wat gewillig en gemotiveerd is.**

NOTA: Prosesse wat toegang tot die besigheidswêreld gee is beskikbaar op www.ahi.co.za en www.ebio.co.za.

1. INLEIDING

Die regering, sakewêreld, opvoeding en die siviele samelewing verskaf 'n uitstekende infrastruktuur en bydrae tot ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika. Dit hang nou af van die individu, met steun van die familie en gemeenskap, om die geleentheid wat in Suid-Afrika bestaan te benut deur van die beskikbare hulpbronne gebruik te maak.

Dit is vir die individu nodig om bewus te word van die gapings in sy vermoëns, dan sy vermoëns te ontwikkel om sodoende toegang tot die baie geleentheid en hulpbronne te kry. Geleentheid en hulpbronne bestaan vir dié wat die prosesse ken en kan organiseer en mobiliseer. Wat nodig is, is dat die individu blootstelling kry, sy passie benut, vaardighede bekom, verhoudings bou en toegang tot geleentheid met hulpbronne kry.

Hoe is dit moontlik? Deur te leer terwyl jy werk. Deur herhaling van bekende prosesse word vaardighede aangeleer soos in familiebesighede, suksesvolle beroepe en ander besighede. Deur deel te neem, te leer en te ontdek leer jy meer. Jy gebruik jou kennis om meer by te dra aan ander, en deur jou bydrae verdien jy meer. So kom werktoegang en toegang tot 'n eie besigheid binne die bereik van meer mense.

Die pad na sukses kan as 'n paar stelle trappies (*staircases*) voorgestel word. Kyk www.alephsynergy.com/Enterprise-living/staircase.htm of www.alephsynergy.com/Enterprise-living/index.htm. Al wat nodig is, is om te weet **dat** jy die trappies na sukses **kan** klim, weet **waar** die trappies is en **hoekom** jy dit wil klim. Elke nuwe groeisyklus in jou lewe is 'n volgende stel trappies en vereis elke keer 'n herhaling van die proses op 'n hoër vlak. Só dra jy meer vir ander by. Jy kry erkenning en verdien geld uit wat jou gekose produksie vir ander werd is. Vra werkende mense en luister terwyl jy teen die grense van kennis druk. Groei jou besigheds- en werksgebiede. 'n Goeie voorbeeld van jou kommunikasie en verhoudings kan gevind word op <http://en.wikipedia.org/wiki/Johari> en www.tastudent.org.uk/html/tadiagrams.htm. Doen en bespreek hierdie oefeninge in jou groep. Hierdie oefeninge is die onderliggende kernbeginsels vir goeie kommunikasievaardighede en verbeterde verhoudings om jou besighied te ondersteun.

Die leerproses is eenvoudig. Vorm 'n groepie en bespreek die inligting en stappe en nader 'n reeds suksesvolle persoon in die bedryf van jou keuse met jou plan (soos aan die einde van hierdie afdeling beskryf). Begin om jouself te ontwikkel deur van suksesvolle mense se optrede en van ander te leer. Sukses in besigheid word bepaal deur kennis, ervaring,

houding en optrede. Oefen jou vaardighede terwyl jy die kans gebruik om kennis met ervaring te kry.

- Die Johari-venster leer jou om te vra en te luister terwyl jy ook deel wat jy dink sonder om ander te irriteer as ander nie saamstem nie. Jy groei die venster vir produksie. Tik “Johari” in op www.google.com en soek bladsye en kry oefeninge en baie hulp wat jy by die huis en in jou groep kan oefen.
- Jy beweeg altyd van onbewus onbekend na bewus bekend. Kyk <http://www.alephsynergy.com/Enterprise-living/process-transformation/process-transformation-1.htm>.

Die vraag is: Hoe gaan jy te werk om geleenthede te benut of om jou vaardighede te ontwikkel en meer te verdien?

Die antwoord is: Deur van bestaande suksesvolle persone te leer deur tyd saam met hulle deur te bring, werkplekervaring op te doen en direkte blootstelling aan geleenthede van jou keuse te kry. Dit is ‘n waarde-uitruiltransaksie – die persoon kry werk gedoen en jy kry waardevolle ervaring wat jou toegang tot die wêreld van werk (eerste trappies) op die stel trappies) gee. Jy kan ook saam met twee of drie ander mense leer deur van die magdom inligting van die Internet en mense in jou gemeenskap gebruik te maak.

Hoe het jy geleer om ‘n selfoon te gebruik? Van ‘n persoon of paar persone wat reeds ‘n selfoon kan gebruik. ‘n Nuwe selfoon leer jy daarna sommer self en ook baie gou gebruik. Op dieselfde manier kan jy ook van die wêreld van werk en besigheid leer. Vakleerlinge van ouds het verhoudings gebou met, en van ‘n meester of mentor geleer. Daar is baie persone wat graag jong mense wil help; jy moet net die prosesses ken en mense vra wat reeds doen wat jy wil doen.

Blootstelling en bewuswording sal jou help om in jouself te glo en jou intrinsieke motivering vir optrede aanwakker. Wat verhoed jou om toegang tot die werkplek van jou keuse en die ontwikkeling van jou vaardighede te kry? Mense weet meesal nie **wat bestaan** nie, hulle weet nie dat hulle **baie keuses** het nie, want hulle het in ‘n kultuur groot geword waar hulle nie betrokke was en spesifieke werkvaardighede ontwikkel het nie. Verder is hulle ook nog **te bang om te vra**.

Die **doel van die handleiding** is om jou te help om toegang tot besigheid en die wêreld van werk te kry deur jou vaardighede te ontwikkel. Jy het ‘n verskeidenheid werksvaardighede nodig om in besigheid suksesvol te wees. Jy moet veral weet om te leer van dié wat dit reeds doen en dan ook mense in te trek wat dit reeds kan doen. Intrinsiek-gemotiveerde persone

beskik oor verbintenis en vasberadenheid (en kan nie gestop word nie). Daarvoor het jy 'n plan nodig.

Die **PLAN** kan uit die volgende afdelings saamgestel word deur:

- 'n Geleentheid vir besigheid of werk te ontdek;
- by mense betrokke te raak wat dit voor jou gedoen het;
- jou vaardighede deur praktiese blootstelling te ontwikkel;
- met 'n werkgroepie en werkende persone saam te werk; en
- die hulpbronne te gebruik wat reeds bestaan.

Die volgende afdelings dui aan waar om toegang tot 'n markgeleentheid, 'n werkende persoon as mentor en werkgroep, finansiering en vaardigheidsontwikkeling te kry.

Suksesvolle mense het altyd tyd vir iemand met 'n PLAN!

2. GROEIBEDRYWE EN MARKGELEENTHEDE

Baie geleenthede bestaan in groeibedrywe. Die geskatte potensiële besighede gebaseer op die prosesse, hulpbronne en inligting beskikbaar in Suid-Afrika kan gesien word op <http://africa.smetoolkit.org/index.jsp?locale=1> en www.southafricaglobal.net. Klik op "*business opportunities*". Die fokus is op privaatsektor-ondersteunde besighede. As individu gebruik jy die regerings- en besigheidsprogramme in sinergie met besigheidsgeleenthede. Kies jou besigheidsgebied en wat jy wil doen in die gebied. Verkry deur gesprek ondersteuning van vriende, familie en ander mense wat reeds in besigheid is. Vind ander mense wat ook in besigheid wil wees en ondersteun mekaar. Nader plaaslike hulpbronne vir verhoudings, beplanning, ondervinding, befondsing, ondersteuning en geleentheid. Jy kan nie faal as jy aksie neem en aanhou nie. Gaan na jou naaste sakekamer en vra die sakepersone om jou by te staan. Maak elke week kontak met suksesvolle mense.

Hierdie handleiding stel toegang tot die web voor en baie navorsing en leeswerk. Gebruik www.dictionary.com en www.wikipedia.org en ander bedryfspesialis-webwerwe om die Engelse woorde en bedryfskonsepte te leer. 'n Gebrek aan taal en kommunikasie sal jou uit besigheid hou aangesien jy nie die konsepte kan verstaan wat mense vrylik gebruik nie. Gebruik groepe met toegang tot werksmense en werksvriende om van te leer. Vra plaaslike Engelsprekendes om deel te word van jou groep en leer saam met hulle. Hulle sal tipies ook verhoudings hê met meer hulpbronne en kan die hulpbronne aan jou bekendstel. Alhoewel

baie mense hulle vryetyd sal gee, kan jy geld van besparings kry en ander hulpbronne (kyk afdeling 4, bronne van geld hieronder) om hulle te betaal vir hulle waardevolle kennis wat hulle aan jou oordra. Sulke mense kan mentors word of mentors voorstel.

Kies jou bedryf en begin. Begin met wat jou tans interesseer en verander soos jy meer inligting verkry. Die sleutel is om te begin. Kyk na die volgende bedrywe:

- Konstruksie-KMMO's behoort goed te doen deur die kombinasie van Plaaslike verskaffingsaanmoediging (SEB-telkaartpunte – *BEE scorecard points*) en 'n hoë volume besigheid. Baie nuwe konstruksiebesigheide registreer en meer is in die proses van registrasie. Vind 'n geregistreerde besigheid waarmee jy nie meeding nie en laat hulle jou adviseer. Tree toe tot die bedryf deur saam met mense in die bedryf te werk. Tik eenvoudig die woorde "*construction SMME opportunities*" in 'n soekenjin (www.google.com) en begin werk deur die alternatiewe wat vir jou beskikbaar is. Jy sal baie inisiatiewe vind wat lyk soos <http://www.cidb.org.za/> in die algemeen en <http://sawic.co.za/> vir vroue. Gebruik die groepe en leer die taal van die bedryf. Leer van mense met die nodige kundigheid en kry toegang tot die bedryf. Kyk na tipiese sakeplanne op www.southafricaglobal.net.
- Plaaslike of voorkeurverskaffing ondersteun toegang tot nuwe besighede in meeste gevestigde bedrywe. Verskaffing van mediese toerusting is 'n voorbeeld. Besigheid en plaaslike regering ondersteun plaaslike verskaffing in baie opsigte, insluitende die SEB telkaartkode 500 (*BEE scorecard code 500*)(Kyk www.dti.gov.za). Kyk na die baie webwerwe waar Nedlac, SACOB en die regering plaaslike aankope ondersteun. Die enigste ontbrekende element is 'n vaardige persoon of groep! Jy benodig besigheidsondervinding en vaardighede soos hieronder verduidelik word. Kontak jou plaaslike hulpbronne en sakekamer om hulp te kry. Tik in "*preferential procurement opportunities SMME*" in 'n soekenjin en vind die geleentheid en hulpbronne wat jou pas om te gebruik. Daar is hulp met leweransiersregistrasie. Dit het gelei tot 'n besigheid vir mense soos by www.emex.co.za.
- Gemobiliseerde plaaslike distribusie kan vinnig groei. Die skryfbehoeftesakeplan is 'n voorbeeld en kan gesien word op www.southafricaglobal.net. Dit is verspreiding waar huidige besighede en hulle kliënte geld spaar in die leweransiersketting. Weereens is al wat kort 'n verantwoordelike, vaardige persoon of groep. Gespesialiseerde handels- of distribusiegeleenthede sal groei met die bevolking en die gemeenskap se koopkrag. Doen 'n soektog op die Web vir "*SMME consumer goods*".
- Gasvryheidsbedryf vir plaaslike mense en toerisme. Kyk ook www.southafricaglobal.net.
- Gastehuse vir Suid-Afrikaanse reise en toeriste. Verkry vaardighede deur betrokke te raak. Kyk www.southafricaglobal.net.

- Plaaslike telkaartassesseerders en verifieërders. Opleiding is gratis vir die regte mense. Jy kan ook konsulteer en die sakeprogramme implementeer soos dit hier uiteengesit word. Kyk www.emex.co.za.
- Plaaslike vaardighedsassesseerders en verifieërders. Kyk www.skillsportal.co.za, wat dit 'n plaaslike besigheid gemaak het.
- Plaaslike diensverskaffers kan tuisbesighede wees wat webgebaseerde prosesse vir SETA's en UYF dryf. Kyk www.skillsportal.co.za en www.uyf.org.za.
- Inligtings- en Kommunikasietegnologie- (*Information and Communication Technology - ICT*) besighede soos die mense in huishoudings en gemeenskappe toegang kry tot die Web en rekenaars. Tans is ongeveer 2% van Suid-Afrikaners aan die Web gekoppel. Met toenemende getalle sal meer werkgeleenthede geskep word wat vaardige mense benodig. Geleenthede beskikbaar is:
 - Besigheid, loopbaan- en drukkersentrums
 - Klassieke inligtingstechnologie- (IT) verkope en ondersteuning
 - Internetbandwydteverspreiding, verkope en ondersteuning
 - Kyk op www.southafricaglobal.net/bcvs/sample-business-plans.htm.
- Verhoogde toerisme-aankope van plaaslike familie-ondervindings in lewenstyl, kultuur en musiek. (http://en.wikipedia.org/wiki/Cultural_tourism). Die groeiende neiging in eksperimentele toerisme sluit gesinsondervindinge in. Daar is baie name in toerisme soos "*experiential tourism, ecotourism, family to family tourism*" en baie ander. Gebruik www.google.com om toerismeverwante "*White Papers*" te vind en kyk vir 'n geskikte een vir jou familie. Soek ook vir "*smme tourism*" en kyk hoeveel is beskikbaar. Verkry toegang tot die Web en begin bemark en jou vaardighede ontwikkel om hulle te bedien.
- Inbelsentrums wat die verhoogde behoefte vir inligting met aanlyngerief ondersteun. Dit is 'n werklike groeibedryf. Kry toegang tot die bedryf deur 'n werk in die bedryf te kry (meer as 20 000 nuwe werksgeleenthede 'n jaar en vervanging van huidige werk teen meer as 50 000 'n jaar). Wat baie keer geïgnoreer word, is die KMMO-potensiaal vir spesialisinbelsentrums en klein maatskappye as deel van die uitkontraktering van besigheidsdienste. Begin met http://en.wikipedia.org/wiki/Call_centre om die nuutste neigings en inligting te bekom. Die volgende webwerf www.callcentres.co.za/ gee die begin van plaaslike inligting en neigings. Die groei van inbelsentrums is bevestig deur www.joburg.org.za/2004/sep/sep16_eall.sem wat die 2004 plan vir groei gee. "*Call centres are expected to become an R8,6 billion industry employing some 100 000 people by 2008, with the majority based in Gauteng, and the city of Johannesburg has been stated a sector support programme to boost the BPO within its borders*". Jy sal dit moontlik vind om toegang tot bestaande inbelsentrums te kry en by hulle te leer om jou eie besigheid te begin.

- Besigheid van projekte om toegang tot die werkplek te kry en geld te verdien.
 - Kommunikasie, insluitende kennis van taal as leerondersteuning
 - Kommunikasie, insluitende kennis van getalle as leerondersteuning. Assistentie vir nuwe en verbeterde kommunikasie. Vaardighede benodig vir sukses met internasionale toegang tot 'n loopbaan
 - Web-besighede om bogenoemde kommunikasie te ondersteun
 - Kyk www.tefl.com en www.ets.org.
- Bedrywe met potensieële versnelde groei van bogenoemde groei.
 - Basiese vervaardiging en verbruikersbedrywe
 - Konstruksiebedryf
 - Bankbedryf
 - Versekeringsbedryf
 - Verbruikersgroei
 - Landbougroei van groei in algemene vaardigheidsvlakke
 - Gebruik ook www.google.com en tik die bogenoemde woorde vir 'n soektog in (gebruik Engelse woorde).
- Regeringsprogramme om mense en bedrywe te ondersteun. Die volgende is sommige van die bestaande ondersteuningsprogramme. Hulle diensverskaffers groei al die tyd en is op hulle webwerwe gelys.
 - *National Empowerment Fund (NEF)* www.nefcorp.co.za. Hulle was onlangs in die nuus deurdat hulle gesê het dat die kwaliteit en goed nagevorsde sakeplanne hulle daarvan weerhou om te investeer.
 - *Umsobomvu Youth Fund (UYF)* www.uyf.co.za het dieselfde probleem om hulle geld te investeer – onvoldoende sakeplanne en / of aansoekers met onvoldoende vaardighede. Nader jou plaaslike Umsobomvukantoor of Umsobomvu-diensverskaffer. Daar is volledige instruksies op die webwerf en 'n inbelsentrum om jou te ondersteun.
 - *Small Enterprise Development Agency (SEDA)* www.seda.org.za. Hulle help ook om jou bedryf te kies. Nader hulle in klein groepe sodat jy kan huis toe gaan en bespreek wat jy geleer het.
 - *Accelerated and Shared Growth Initiative of South Africa (ASGISA)* www.info.gov.za/asgisa/. Word deel van die inisiatief in enige besigheid om vaardighede en besigheid te ontwikkel.
 - *Joint Initiative Priority Skills Acquisition (JIPSA)* www.info.gov.za/asgisa/. Sluit aan by die inisiatief in enige besigheid om vaardighede en besigheid te ontwikkel.

- Besigheidsgeleenthede van SEB-telkaart (*BEE scorecard*) soos op www.dti.gov.za en geïmplementeer deur www.emex.co.za. Kom en maak dit jou besigheid en help lys besighede, bemagtig die besigheid en word deel van die groei.
- *Sectoral Education and Training Authority (SETAs)*. Kyk www.labour.gov.za, www.skillsportal.co.za en jou relevante SETA. Die inligting word deurlopend opgedateer. Dit mag jou besigheid wees om te help met plaaslike assessering of opleiding.
- *National Youth Service Programs (NYSP)* www.nysu.gov.za. Dit skep werk en diensbewustheid. Ondersteun die program plaaslik en raak betrokke terwyl jy leiers in die munisipale, burgerlike en besigheidslewe ontmoet.

Gapings in die toegang tot die mark. As gevolg van 'n gebrek aan blootstelling aan die kennis, toegepaste kreatiwiteit, kennis en ondervinding van die omgewing en die bedryf en geleenthedsidentifisering, beperk ondervinding mense in die familie. Verder het mense volgens hulle oortuigings ook nie die verhoudings, vaardighede en organiseringsvaardighede om geleenthede te sien en te benut nie.

3. BOU VERHOUDINGS

Een van die beste maniere om te leer is om van werkende, vaardige mense in bestaande besighede te leer. Verbeter die leerervaring met projekte in klein groepe. In groepe kan jy toegang tot meer werkende mense kry en jou groepleerervaring benut. Verhoudings word gebou met werkende mense in besighede. Die prosesse ontwikkel tot waar die leerling mentorskap as 'n natuurlike deel van die proses maak. Die leerling verkry die hulpbronne van verskillende programme om werkende mense betrokke te kry of enige iemand met ondervinding as mentor. Baie families, mense en gemeenskappe het dit vir eeue gedoen. Dié wat vra, luister en inligting op 'n wyse manier gebruik floreer met minder inspanning. Meeste van dié wat nie vra en luister nie werk baie harder om sukses te behaal soos hulle van hulle eie foute leer.

Jy kan ander mense identifiseer wat jy kan bemagtig met jou SEB-telkaartpunte met meer besigheid en toegang tot besigheid vir hulle deur swart ekonomiese bemagtiging en toegang tot besigheid vir jou. Bemagtiging groei besighede vir die toekoms. Goeie besigheidswaarde word uitgeruil soos almal in die ekonomie saam groei.

'n Ander manier is om te begin werk om kennis en ondervinding te kry deur die eerste trappies van een van jou stelle trappies te klim. Baie keer word jy net betaal in terme van

ondervinding totdat jy waardevolle vaardighede verkry het. Werk saam met plaaslik georganiseerde groepe in munisipale organisasies en burgerlike strukture. Identifiseer sleutelpersone en werk met hulle saam. Neem waar en doen soos hulle doen. Dra baie tot hulle by. Lees oor mense wat dit doen. Praat met hulle en ruil waarde met hulle uit. Pas jou inisiatief en lerende gees toe deur nie bang te wees om te vra nie, en gebruik die terugvoer wat jy kan kry om jou prestasie te verbeter en jou vaardighede te ontwikkel. Die kennis kan oorgedra word deur dieselfde taal en gedeelde konsepte te gebruik. Die ontwikkeling van respek en dieselfde taal is 'n groot uitdaging en vra deursettingsvermoë. Deursettingsvermoë kom slegs van duidelike uitgeruide waarde.

Gebruik die krag van besperkings- en portuurgroepe en plaaslike en Webmentors om vaardighede, verhoudings en toegang tot besigheid te ontwikkel. Sluit die gekose mense in jou munisipale, burgerlike en besigheidstrukture in. Gebruik die volgende webwerwe om jou aan die gang te kry www.managementhelp.org/guiding/mentrng/mentrng.htm en www.ebio.co.za/peergroup-projects Daar is baie hulpbronne sodra jy begin en toegang het tot die Web en mense in besigheid naby jou. Identifiseer en maak plaaslike kundiges betrokke om die kennis lewendig te maak saam met mense in besigheid, burgerlike en munisipale aktiwiteite. Toegang tot kundiges word die beste in groepe verkry teen 'n laer koste per persoon en 'n hoër leerervaring deur die prosesse huis toe te neem. Die tipiese tarief vir kundiges kan van R2 000 tot R8 000 per dag wees. As daar 40 persone in 'n groep is, kan die koste so laag as R60 per persoon per dag wees. Jy kry ook toegang tot die persoon in die gemeenskap en ondersteuning van die sakekamer. Oorkruisuitkomst sluit lewensvaardighede, kommunikasie, inisiatief, aksie neem en besigheidsvaardighede in.

Eienaarskap is by die individue wat vir mentorskap kan betaal. Daar is ook geld vir leerlingskappe van diensverskaffers wat kan betaal vir meer toegang en mentorskap. Gee aandag aan toegang tot kundiges, navorsing en diens met kundiges. Die proses vorm die basis van entrepreneurskap en toegang tot loopbaanvaardighede.

Die wyse leer van ander. Die slimme leer van sy eie optrede. Die dwaas leer nooit nie!
--

Entrepreneurs nader altyd bestaande hulpbronne en leer saam met hulle vir gemeenskaplike voordeel.

4. BRONNE VAN FINANSIERING

Aanvanklike finansiering vir die begin van projekte kom byna altyd van eie of familiebronne – geld wys gebruik en / of geld gespaar. Elkeen in Suid-Afrika kan hulle bates op een of ander manier gebruik. Ken en gebruik jou bestaande hulpbronne goed.

Jy kan begin deur jou geld anders te spandeer. Lees die finansiële dagboek (www.financialdiaries.com) of kry 'n professionele persoon van bankwese of versekering om saam met jou te werk en jou die finansiële dagboek te leer. Hulle kan verduidelik en onderrig. Organiseer in groepe om dit vir die professionele persone die moeite werd te maak.

Gebruik jou koopkrag of potensiële koopkrag in groepe om toegang tot werkende vriende te kry en van hulle te leer. Jy kan aan die gang kom sonder bykomende koste vir jou of jou familie. Word bruikbaar deur aan te bied om te organiseer en te mobiliseer vir werkende verkoopsmense in bankwese, versekering, selfone, mode en huishoudelike toestelle en leer van hulle kennis en kry ondervinding. Jy spaar die mense in besigheid baie inspanning en geld. Nou kan hulle jou dalk nog kommissie betaal vir jou poging om kliënte makliker te bereik.

Die besparing in geld gespandeer (kyk www.financialdiaries.com) en aankope gemobiliseer is 'n ernstige bron om geld te kry. Mense in SOWETO spandeer meer as R60 miljoen per dag buite SOWETO. Hulle reis om dit te doen. Dit is tipies van baie gemeenskappe. Vir Suid-Afrika, kyk na die volgende:

- 'n Besparing van R300 per huishouding kan verkry word met toegang tot die Internet. Veronderstel 10% van die 12 000 000 Suid-Afrikaanse huishoudings neem deel, dan word die potensiële besparing (1 200 000 X R300) R 360 000 000 'n maand (elke maand!). Die banke en winkels sal meer geld verdien aangesien die koste van besigheid doen sal daal en die aantal kliënte sal styg.
- Elkeen wil deel van die besigheid wees. Om die bestaande geld anders te spandeer kan baie probleme oplos. Genoeg geld vir toegang tot hulpbronne en ontwikkeling van vaardighede bestaan. Al wat nodig is, is katalisprogramme met aanvanklike befondsing om dit aan die gang te sit.

Formele finansiering: Baie nuwe besighede behoort en kan begin en gekoester word deur toegang tot finansiering in groepe met kundige persone soos dié hierbo genoem. Die bronne van finansiering dui duidelik aan dat miljarde rand beskikbaar is. Hierdie instellings wag net vir kundige mense om op te tree en potensiële winsgewende, werkbare projekte voor te lê. Mobiliseer en kry toegang tot die geleentheid. Al die programme help slegs dié wat hulle self

help. Jy selekteer jouself deur op te tree en te volhard. Jy kan sukses bereik, sukses kan jou nie bereik nie. Miljarde rand finansiering is beskikbaar. Kyk www.southafricaglobal.net.

Kry toegang tot werk, projekte en besigheid met bestaande besighede en dan gaan jy op jou eie. Hier is enkele bronne om jou in die proses te help.

- Kry toegang tot plaaslike KMMO-ondersteuning en laat dit vir jou werk. Kyk www.seda.org.za. Kry toegang tot die Web, soek en vind plaaslike besighede en programme.
- Maak kontak met die plaaslike gemeenskapsontwikkelaar (*Local Community Development Worker - CDW*) in jou wyk of dorp. Hierdie persoon rapporteer aan die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) (*Member of the Executive Council – MEC*) vir plaaslike regering, alhoewel baie departemente betrokke is. Jou plaaslike LUR sal jou help om regerings- en besigheidsprogramme te gebruik. Tik eenvoudig net CDW in by www.google.com (*South African search*) en leer om saam met die plaaslike gemeenskapsontwikkelaars te werk. Die doel is om 'n plaaslike gemeenskapsontwikkelaar in al die 3600 wyke in Suid-Afrika in 2007 te hê. Kyk na www.idasa.org.za en klik op “*publications*” dan “*newsletter no 9*” (www.idasa.org.za/index.asp?page=output_details.asp%3FRID%3D980%26oplang%3Den%26Pub%3DY%26OTID%3D5).
- Maak seker jy weet alles van die SEB-telkaart (BEE Scorecards) deur te lees en gebruik te maak van die Nywerheidsontwikkelaar (NOK) (*IDC*) (www.dti.gov.za) en ander webwerwe of plaaslike inligtingspunte. Lees op www.emex.co.za, www.beematrix.co.za en www.empowerdex.co.za vir 'n verder verduideliking van SEB-telkaarte. Jy kan bestaande besighede vir die toekoms bemagtig met jou punte.
 - SEB-telkaartkode 700: Korporatiewe Sosiale Investering (*Corporate Social Investment - CSI*) bied 10 SEB-telkaartpunte.
 - SEB-telkaartkode 600: Besigheidsontwikkeling bied 10 SEB-telkaartpunte.
 - SEB-telkaartkode 500: Voorkeurverskaffing bied 20 SEB-telkaartpunte.
 - Besigheids- (kode 600) en CSI- (kode 700) projekte kan belegging van bestaande besighede van meer as R6 miljard (2% van R300 000 000 000 maatskappywinste in SA) bekom.
- Doen aansoek vir beurse en leerlingskappe sodra jou vaardighede op peil is met die vereistes van die beurse en leerlingskappe. Kyk www.labour.org.za, www.skillsportal.co.za en jou toepaslike SETA. Gebruik www.google.com vir baie meer inligting.

Besigheidsfinansiering: Finansiering en ondersteuning (mentorskap) was altyd beskikbaar vir mense wat gereed was met projekte om mense se potensiaal te ontwikkel, net soos risikokapitaal beskikbaar is vir projekte en maatskappye om te groei en rykdom te ontsluit.

Kry toegang tot werk deur saam met mense te werk wat jy bemagtig. Jy het genoeg voorbeelde van webwerwe en ondersteuningsorganisasies om jou aan die gang te kry. Kies een, mobiliseer en oorbrug die gaping om toegang tot hulle te kry. Mense by daardie instellings is beskikbaar en wil help! Hulle kan slegs suksesvol wees wanneer hulle jou help. Help hulle om jou te help. Gebruik die voorbeeldwebwerwe om jou aan die gang te kry en soek dan 'n besigheid naby jou. Sommige prominente webwerwe sluit in:

- Die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) se programme in verskeie gebiede. Kyk www.dti.gov.za. Die programme word beskryf op die web en mense in jou gemeenskap word betaal om jou te help.
- UYF (www.uyf.org.za) en NEF (www.nefcorp.co.za) het goeie prosesse met baie geld en is besig om 'n infrastruktuur te bou met groot verwagtings en bewustheid.
- Plaaslike programme is geskep om besighede te befonds. Begin met www.geda.co.za, www.capegateway.gov.za en <http://www.gpg.gov.za/>. Volg die verwysings en ondersteuning op die webwerwe.
- Kyk na SEDA vir KMMO-ondersteuning en toegang tot geld van DTI en andere. www.seda.org.za en www.dti.gov.za
- Projekte wat toegang gee tot www.treasury.gov.za en www.dcis.gov.za. Die donateurs agter DCIS bied meer as R5 miljard jaarliks in toekennings vir lewensvatbare projekte met georganiseerde, vaardige mense.
- Die Departement van Arbeid www.labour.gov.za met ondersteuning in nuwe besigheidskepping en verskeie leerlingskappe.
- Plaaslike Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (IDP's) gee makliker toegang tot plaaslike mense vir volhoubare besighede. Gebruik www.google.com en tik jou munisipaliteit se naam en "*integrated development plan*" in of kontak jou plaaslike munisipaliteit.
- Banke en privaatbeleggers vir projekte. Aansoekers en die finansiële kontroles kan plaaslik en op die Internet gekry word. Leer die gapings en kry hulle leiding om die gapings te oorbrug. Hulle weet wat werk en wat nie.
- Die "*tourism funding handbook*" kan in groter stede en provinsies gevind word. Gebruik www.google.com en tik in "*tourism funding handbook*" (*South African search*) en kry toegang tot die inligting.
- Die "South African Micro Finance Apex Fund" (*samaf*) verskaf groothandelfondse aan geselekteerde kundige vennote in plaaslike gemeenskappe

(www.thedti.gov.za/samaf/samaf.htm). Mense kan kontak maak in gemeenskappe en toegang kry tot bestaande verskaffers van mikrofinansiering en ondersteuning.

- Dit kan wees soos “*grameen*” (“*bank of the villages in Bangladesh*”) www.grameen-info.org en <http://en.wikipedia.org/wiki/Grameen>.
- Maklike verwysings om jou te help om insig te kry in mikrofinansiering en lesse van vorige suksesse. Kyk www.finmark.org.za, www.sef.co.za, en www.mfrc.co.za.
- Neem die besigheidsgleentheid waar om hierdie suksesvolle programme na jou gemeenskap te bring.

5. BRONNE OM VAARDIGHEDE AAN TE LEER

Die mense in die plaaslike gemeenskap het al die hulpbronne wat jy nodig om vaardighede te leer en toegang tot hulpbronne en geleenthede te kry. Organiseer in klein groepe en kry toegang tot mense met ondervinding, hulpbronne en geleenthede. Die Internet is 'n goeie bron wat gebruik kan word om universele vaardighede te ontwikkel. Kry toegang tot 'n soekenjin (www.google.com) en gebruik woorde soos “*competencies skills training entrepreneurship business*”. Jy sal verbaas wees oor al die gratis hulpbronne wat vrylik op die Web beskikbaar is.

Die volgende vyf vaardighede kan beskou word as die universele vaardighede wat nodig word in 'n besigheid en die werksplek. Kyk www.ebio.co.za/site-map.htm en klik op “*proficiencies*”.

Gebruik www.dictionary.com en www.wikipedia.org en ander webwerwe om die Engelse woorde en konsepte in jou werkgroep te leer. Vra plaaslike Engelssprekendes om deel te word van jou groep en leer saam met hulle. Hulle sal tipies ook verhoudings met meer hulpbronne hê en kan meer hulpbronne voorstel. Alhoewel baie mense vrytyd beskikbaar sal stel, kan jy geld kry van besparings of ander bronne om hulle te betaal vir die waardevolle kennis wat hulle aan jou oordra. Hierdie hulpbronne kan mentors word.

- Kommunikasie in besigheid nodig **lees-, luister-, tik- en praatvaardighede met begripsvaardighede**. Maak seker dat jou leesspoed meer as 200 tot 300 woorde per minuut met 85% begrip is. As jou leesspoed meer as 300 woorde is, gebruik die vaardigheid om ander te help en geld te verdien deur hulle leesspoed te verbeter. Oefen met www.readingsoft.com en www.fonetiks.org. Mense wat 'n hoër vlak van Engels wil bereik kan voortgaan met “*Test English Foreign Language*” www.ets.org van plaaslike

instellings soos Unisa, Wits en NWU Potchefstroomkampus. Organiseer 'n groep, gebruik die besparings soos hierbo en kry jou huidige vermoë en funksionaliteit getoets in een van die hoofstede in Suid-Afrika vir minder as R150 per persoon (www.tjhorne.co.za). Om te weet is mag, en dit laat jou toe om jou voortgang te beplan. Kry plaaslike mense om jou program te ondersteun.

- Kommunikasie sluit die gebruik en verstaan van **nommers** in die alledaagse lewe in. Internasionale mense help mense regoor die wêreld om meer geletterd te raak. Sulke programme sluit in die verstaan van nommers in die nuus (www.notrain-nogain.org), die leer van alledaagse nommers en sigblaaie (www.jegsworks.org) en pret te hê met nommers (www.kidsites.com/sites-edu/math.htm). Meeste van ons kan voordeel trek uit hierdie webwerwe. Sodra jy geleer het, kan jy die prosesse in 'n besigheid omsit deur ander te help. Jy kan dit huis toe vat en jou familie gratis leer.
- Ontwikkel jou **lewensvaardighede** deur die prosesse te gebruik. Jy ontwikkel deur ondervindings van ander mense en kry toegang tot hulpbronne en geleenthede, vorm groepe, kommunikeer, neem deel, weet van programme, plekke en name. Kyk na www.ebio.co.za/site-map.htm.
- Word bewus van **besigheids- en loopbaanvaardighede**. Beplan, hou rekords, raak betrokke en praat met mense van banke, versekering en sakekamers. Kyk na www.ebio.co.za/site-map.htm.
- Benut en ontwikkel jou **Inligtings- en Kommunikasietegnologie-** (ICT) vaardighede. Gebruik die Internet, rekenaars en die gratis kennis en ondersteuning. Webwerwe wat die leerproses kan bevorder is www.gcflearnfree.org en www.jegsworks.com. Die uitkomst kan lei tot die sogenaamde “*International Computer Driving License*” (ICDL) sertifikaat. Kyk na www.icdl.co.za vir die hele storie.
- Kry toegang tot onderbenutte, kundige mense in jou gemeenskap deur **eienaarskap te vat** en eers verhoudings met hulle te bou. Sluit by jou plaaslike sakekamer aan en maak van hulle dienste gebruik. Lede van die Afrikaanse Handelsinstituut www.ahi.co.za en die *National African Federated Chamber of Commerce and Industry* www.nafcoc.org.za kan jou help. Neem persoonlik die verantwoordelikheid om gereeld toegang te kry tot die kennis en vaardighede van beskibare mense. Hierdie mense kan nou ook betaal word vir hulle dienste deur die bogenoemde programme.
- **Huislike ondersteuning** vir die leerproses is noodsaaklik. Lig jou familie in om ondersteuning te kry gedurende moeilike tye wanneer jy jou besigheid bou. Suksesvolle mense floreer beter oor die langtermyn wanneer hulle families hulle ondersteun.

- Jy ervaar om te beweeg van begeerte tot optrede terwyl jy jou denke en beplanning implementeer. Hou aan en verseker volhoubaarheid van jou **lewenslange ontwikkelingsplan**.

Met die bogenoemde ondervinding kan jy nou versnel (volgende stel trappe) met aaneenlopende ondersteuning en gevorderde hulpbronne op dieselfde manier wat jy toegang tot vaardighede hierbo gekry het. Gebruik die "skills portal" (www.skillsportal.co.za) as 'n opsomming van baie opleidingshulpbronne. Doen 'n soektog op die Web vir baie meer hulpbronne.

Baie besigheidsondersteuningsdienste bestaan vir mense met vaardighede wat weet hoe om daartoe toegang te kry. Meeste plaaslike gebiede het programme soos "Red Door" op http://www.capegateway.gov.za/eng/your_gov/13464 in die Wes-Kaap wat kleinsake ondersteun. Hulpbronne en suksesse is in koerante soos <http://www.businessowner.co.za/>, www.news24.com/Rapport/Sake-Rapport/Home/ en www.btimes.co.za. Kry die koerante en lees dit. Woon die werksinkels by en word deel van die besigheidskorps.

Hulpbronne vir die jeug (tot 35 jaar) wat 'n besigheid wil begin is op www.uyf.org en www.seda.org.za. Baie internasionale besigheidsgroeieenthede word ondersteun met hulpbronne waarvan www.sba.gov en www.smetoolkit.org voorbeelde is. Soek vir een wat by jou besigheid sal pas en gebruik dit. Ondersteuningsprosesse vir loopbane en besigheid is volop. Gebruik plaaslike en internasionale hulpbronne om die beste kans vir sukses te hê. Jy kan selfs geld verdien deur ander te ondersteun deur dieselfde prosesse as wat jy geleer het.

Gebruik die regeringsprogramme en ondersteuning van die plaaslike gemeenskapsontwikkelingswerkers (*Community Development Workers - CDW*). Vind die gemeenskapsontwikkelingswerkers in jou munisipale wyk. Agtienhonderd is reeds opgelei. Die lid van die uitvoerende raad (LUR - MEC) vir plaaslike regering is in beheer van die CDW. Vind en vra die persoon! Die vind van en praat met die persoon is goeie oefening vir jou besigheidsvaardighede.

Baie gratis Webhulpbronne is beskikbaar wanneer jy van hulle weet, toegang tot hulle het en projekte het om dit te benut. Gebruik www.dictionary.com en www.wikipedia.org en ander webwerwe om Engelse woorde en konsepte in jou leergroep te leer. Webwerwe soos www.entrepreneur.com verskaf waardevolle inligting en selfs gratis ondersteuning en

mentorskap. Kry toegang tot besigheidshulpbronne in voorbereide groepe met plaaslike kundigheid. Kyk <http://africa.smetoolkit.org/index.jsp?locale=1>.

Formele opvoeding is 'n natuurlike volgende stap met die nuwe vaardighede en hulpbronne om vir die klasgeld te betaal. Kyk na van die uitkomst in die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk (*National Qualification Framework - NQF*) op www.saga.org.za. Daar is ook baie inligting van universiteite, kolleges en ander instellings op die Web beskikbaar.

Lesse van suksesvolle mense:

- Suksesvolle mense vra waarom en **tree op** teenoor die onsuksesvolle mense wat vra hoe en hoekom en wat argumenteer.
- Suksesvolle mense **beweeg aan** wanneer hulle nie seker is hoe om iets te doen nie, leer daaruit en doen dit weer. Hulle besef dat hulle **lewenslank op dié manier kan en wil aanhou leer**. Die res wag vir iemand om iets vir hulle te doen en dan blameer hulle ander of die stelsel en mors net tyd en hulpbronne.

Daag jousef uit om 'n nalatenskap te laat. Jou eie, unieke nalatenskap!

Volg die prosesse en kies die soort werk wat jy geniet en die bedryf waar jy dit nou ten beste kan doen. Gedurende jou werklewe sal jy waarskynlik 'n paar maal van loopbaan en bedryf verander soos jy ontwikkel en jou belangstelling verander. Jy implementeer die verkryging van werkvaardighede en begin werk, ontwikkel besighede en geniet pret. Daar is geen rede waarom almal nie produktief betrokke kan raak en 'n lewe kan maak nie. Besluit om jou tyd anders te gebruik en geld op die wettige manier te maak.

'n Proses met gedetailleerde stappe, wat deur almal herhaal kan word in die werktoegang en besigheidsgroeiprojekte, is beskikbaar op www.ahi.co.za en www.ebio.co.za.

**Jou doel is om verhoudings te bou met werkende mense,
toegang te kry tot hulpbronne en te weet van geleenthede.**

Suksesvolle mense sal altyd tyd hê vir iemand met 'n plan!

Volg die werktoegangsplan om by loopbane en 'n eie besigheid uit te kom.

**Die uitkoms is eienaarskap van jou toekoms en bewuswording van
geleenthede, hulpbronne en die vereiste vaardighede om**

deel te wees van werk en besigheid in 'n groeibedryf
van jou keuse deur meer te doen waarvan jy hou.

STERKTE, DAAR IS NIE KORTPAAIE NIE!

